



Johannes Grosskopf

1927-2014

Prof Johannes Grosskopf

(87) is op 11 Oktober 2014 na 'n lang siekbed oorlede. Hy was die tweede hoof van die departement van 1984-1993. Sy termyn is gekenmerk deur intense politieke woelinge.

HULDEBLYKE VAN *alumni*

Bun Booyens: Grosskopf was hoof van die joernalistiekdepartement in 'n tyd toe daar baie ernstige perke op persvryheid in Suid-Afrika ingestel is, veral ná die noodtoestand wat pres PW Botha in 1986 afgekondig het. Hy het daarin geslaag om in dié moeilike tyd 'n korps joernaliste te werf en op te lei wat nie alleen die puik joernalistiek in hierdie era van inperking beoefen het nie, maar ook vandag leiersposisies in die bedryf beklee. Sy bydrae het meegehelp om hierdie departement te help vestig as een van internasionale gehalte."

Tim du Plessis: ...Grosskopf was 'n joernalis met onkrekbare integriteit. "Een van die goed wat hy vooruit kon sien, was dat die politieke bestel van die sewentigs onuithoubaar was. Grosskopf was 'n redakteur met 'n soort vreesloosheid en 'n geweldige sin vir regverdigheid in hom – 'n joernalistiek rolmodel."

Lizette Rabe: Gross – sy bynaam onder studente – was gróots ook op die terrein van joernalistiek-opleiding. "Die studente sal hom onthou vir sy integriteit en beginselvastheid; van hoe 'n joernalis getrou aan die waarheid moet bly en hom nie op sleephou moet laat neem deur die heersende magkonstellasies nie."




FOTO: Rudi Hofmeister

Ton Vosloo, voorsitter van Naspers en opvolger van Grosskopf as redakteur van Beeld: "Johannes Grosskopf was 'n fynbesnaarde en edel mens en sy oudkollegas onthou hom met deernis."

Tony Heard, Editor, The Cape Times, 1971 to 1987. I worked closely with *Beeld*'s Johannes Grosskopf in the Conference of Editors and other mutual professional causes when we edited papers of sharply differing viewpoints. He was a courteous, thoughtful, enlightened colleague. He was one of the verligtes who helped bring light to dark corners of a hellish land, presaging the political settlement that saved it, and all of us, from destruction. I salute his far-sightedness and his steadfast attachment, as editor and later professor, to the highest traditions of our craft. I saw how he had to share in tragedies and heart-rending family experiences that the repression of apartheid visited upon citizens of widely differing persuasions.

As Naspers and SA bid him farewell, I say: "Go well, Gross, write on".

GAWIE BOTMA

Einde vanjaar kom my termyn van drie jaar as eerste roterende voorsitter van die departement tot 'n einde – en volgende jaar neem Prof Lizette Rabe, die laaste departementshoof, weer vir 'n paar jaar die leisels oor by Crozierstraat 26. Ek wens haar sterkte toe, maar met die meer as 'n dekade se vorige ondervinding in die stoel van Piet Cillié is dit 'n uitgemaakte saak dat die departement net van krag tot krag sal gaan.

Dit was vir my 'n voorreg en uitdaging om die departement en universiteit op hierdie spesiale manier te leer ken. Daar was baie vergaderings en papierwerk, sekerlik, maar ook meer insig in al die prosesse en betrokkenes wat alles moontlik maak. Hartlike dank aan almal.

Ek sou nooit kon dink toe ek in 1988 in die honneursklas was dat my pad hierheen sou terugloop nie. Die Rykie van Reenen-geenootskap in 2005 het die deur op 'n skrefie oopgemaak, en die gode was aan my kant – tuisgekom in Huis Protea inderdaad!

SIMPHIWE SESANTI

After spending a number of fruitful years at Stellenbosch University's Department of Journalism, where I initially served as a Lecturer, later Senior Lecturer and obtained a PhD in Journalism Studies. I have now joined the Department of Journalism, Media and Philosophy at the Nelson Mandela Metropole University as an Associate Professor.

I remember Stellenbosch with fondness. Stellenbosch University gave me the space to grow, and I had the enthusiastic support of former Dean Prof Hennie Kotze, current Dean Johann Hattingh, my then Supervisor and Boss Lady, Prof Lizette Rabe. She was never bossy. Now I call her "captain" after she successfully supervised me in my PhD thesis. She encouraged me to teach my students African Culture and Philosophy.

The rest of the staff members in 26 Crozier were extremely supportive and warm for which I am eternally grateful.

ENTREPRENEURIESE JOERNALISTIEK 'N EERSTE VIR STELLENBOSCH *Joernapreneurs* – hier kom ons!

Ons Departement Joernalistiek was vanjaar 'n baanbreker om 'n kortkursus in entrepreneuriese joernalistiek in die BPhil-honneurskursus in te stel. Die doel van die kursus is 'n inleiding tot entrepreneuriese joernalistiek: hoe skep 'n mens jou eie (mikro)mediamaatskappy? Of, aan die ander kant van die spektrum: hoe word 'n mens die volgende Koos Bekker?!

Die motivering vir die ontwikkeling van die kursus was dat die mediabedryf 'n revolusie weens die "disruptive digital economy" ondergaan en dat joernalistiek-afgestudeerdes nie noodwendig in 'n nuusomgewing 'n werk kan kry nie. Met ons multimedia BPhil Joernalistiek-vaardighede kan beginners egter 'n eie klein

mediadiensverskaffer stig.

Die kursus het dus onder meer gekyk na wat nodig is om ondernemend/entrepreneuries oor die media en moontlikhede binne die wye veld van die kommunikasiebedryf te dink. Die drie-dag-kursus is onder meer aangebied deur Lelani Maree van die Departement Ondernemingsbestuur van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, met gasdosente soos alumni Irna van Zyl van New Media en Izelle Venter van Media24. Daar was lesings oor entrepreneurskap, waaruit 'n sakeplan bestaan, die media as sake-omgewing en entrepreneuriese en intrapreneuriese suksesverhale in die media. Elke student moet 'n individuele sakeplan-projek as jaareindprojek indien.

CHAIRPERSON OF SANEF - FIRST FOR CROZIER 26



Mpumelelo Makhabela (class of 1999) has been elected as Chairperson of Sanef. He is the first alumnus to be elected to this post. Janus would like to wish him well. Great things are still expected from him.

PHOTO: <http://mg.co.za/article/2010-06-11-200-young-south-africa-media>

QWERTY *en Crozier 26*

DEUR LEONA AMORAAL



Julia Page-Wood, Denise Lloyd en Roline Hepburn (met die perfekte tegniek).

qwerty QWERTY
qwerty
qwerty
QWERTY
qwerty QWERTY
qwerty QWERTY
QWERTY
qwerty
QWERTY
QWERTY QWERTY QWERTY
qwerty
qwerty QWERTY
qwerty
QWERTY
qwerty

Vir sommige joernalistiek-studente was die onderrig van tik die aanleer van 'n noodsaklike vaardigheid – en vir ander 'n pyn. (Let wel: Hier word nie verwys na Snelskrif en Shorthand nie. Dís 'n heel ander storie).

Vir 'n paar (vir my) "goeie" jare sedert 1978 is Tik as vak onder streng didaktiese beginsels onderrig. Prof Piet Cillié se opdrag aan my was om die voornemende joernaliste binne drie weke te leer om "skoon te tik".

Min studente kon in daardie jare tik. Tik is immers as 'n minderwaardige vak op skool beskou. Slim leerders het dit nie geneem nie – dus was dit vir my 'n taam-like braak land om mee te begin in Crierstraat (gegee die feit dat Proteahuis se studente natuurlik die slimmes was...).

Oor die algemeen was die jare 1978 tot 1993 my "suksesvolle" jare. Daar was tog studente wat in st 6 en 7 van daardie tyd, nou gr 8 en 9, tuk geneem en goeie onderrig ontvang het. Van die manne, veral dié wat hul diensplig reeds voltooi het, het egter volhard met twee vingers ten spyte

Van die
manne...
het egter
volhard
met twee
vingers...

56
Van die
manne...
het egter
volhard
met twee
vingers...

“
**Party
studente
het vrees-
bevange
getik van
die bevel
BEGIN tot
10 minute
later se
STOP.**
”



Marlene van Eeden, Hugo Truter, Deon Ebersohn en Lizette Rabe.

van hul instrukteur se passievolle vertoe. Vir my het dit eenvoudig die beeld van 'n afgeronde tikker geskaad – om dit sagkens te stel – en van hulle beklee nogal hoe poste in die media.

Ek het klasse begin met "ASDF JKL;" uit Allen se *Tik vir Beginners*, die handboek van toe vir st 7. Ons het sistematies deur die lesse gewerk wat didakties gefundeerd in 30 verdeel is. Vir 'n ritmiese aanslag het ek musiek (met 'n goeie ritme) gebruik. Marasmusiek was ideaal – en het boonop 'n aangename atmosfeer geskep (en hopelik kan almal wat hier lees dit nog onthou).

Om spoed te bevorder, is talle oefeninge gebruik – met of sonder die gevreesde stophorlosie. Laasgenoemde het ook sy beperkinge gehad, want wat vinnig was vir een, was stadig vir 'n ander. Nadat die aanleer van die toetsbord voltooi is, het

spoedoetse gevolg. Party studente het vreesbevange getik van die bevel BEGIN tot 10 minute later se STOP.

En toe raak ons gerekenariseerd in 1994. Die korrekte gebruik van die QWERTY-toetsbord het geleidelik afgegneem. Ek het gou besef "oe toemaak" is al wat my gaan red in die era van die rekenaar. As jy jou rug draai, word teruggeval op die verkeerde vingerbesetting. Selfs die tik-tutoriale op die Internet het nie 'n invloed gehad nie. Geleidelik het die klem na formatering geskuif. Die ongelooflike moontlikhede om dokumente kreatief aan te bied, was legio, en dit was my passie – maar ook dit het nie huis Crozierstraat se studente geïnspireer nie.

Crozierstraat is op pad na haar 40ste jaar. En miskien is daar darem 'n paar van haar alumni wat tóg baat gevind het by daardie passievolle tikklassie van weleer...



Daar was genoeg draagbare tikmasjene, en van die studente het hul eie gebring. Foto's: 1978 se klas met hul Olympia's of Olivetti's van toe. Tim du Plessis en Liesel van der Spuy (staande), Denise Lloyd en Henriette Lategan voor die tikmasjene.



De Jongh Borchart (klas van 1999) saam met Springbok-kaptein, Jean de Villiers.

DE JONGH IN DIE *Springbokkamp* DEUR DE JONGH BORCHART

Ná bykans 10 jaar as sportverslaggewer by Rugby365.com, Beeld en Rapport (in Gauteng, waar ek as rugby- en atletiekskrywer gespesialiseer het) het ek in April 2009 die wêreld van koerante vir korporatiewe sport verruil en teruggetrek Kaap toe om by die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) te werk.

My eerste posisie was as Digitale- en Publikasie-bestuurder, waar ek onder andere verantwoordelik was vir die totstandkoming van die Springbokke se Facebook- en Twitter-blaaie, die uitbou van die webwerf en alle interne en eksterne publikasies.

In Januarie 2012 het Heyneke Meyer my gevra om by sy bestuurspan aan te sluit as Mediabestuurder. Benewens die opstel van 'n mediaplan en -skedule, die skryf van persverklarings en die reël


van mediakonferensies, is ek die skakelpersoon tussen die plaaslike en internasionale rugbymedia en die Bokke, maar ek word ook ingespan vir enige skryfwerk in die span, die neem van foto's en die opneem en sny van klankgrepe wat uitgestuur word na radiostasies. Ek was die spookskrywer vir Victor Matfield se boek.

Ek reis baie, plaaslik en internasional, veral tussen Junie en November, en is bevoordeel om oral saam met die Bokke te gaan, die emosies van toetsrugby te beleef en 'n lewe te maak uit my passies, rugby en die media. Die beste manier om op te som wat ek doen, is seker maar hierdie video wat onlangs in ons digitale tydskrif verskyn het: <http://springbokmagazine.com/issues/2014-09/#page12>

Ek is getroud met Zelda, ons het twee kinders, Tiaan (4) en Mia (2) en ons woon in Bellville, om die draai van SARU se kantore in Plattekloof.

“
... die emosies
van toetsrugby te
beleef en 'n lewe
te maak uit my
passies, rugby en
media.

”



TWINTIG JAAR NA *Crozier 26*

LA: Dit is 20 jaar sedert jy as HonsBoer gegradsueerde tot die joernalistieke beroep toegetree het. In die tyd het jou meetsnoere op lieflike plekke (en dinge geval). Vertel iets daarvan.

HW: Ek het die kursus gedoen in 1994 – ek dink nie 'n mens kon vra om in 'n meer fassinerende jaar bekendgestel te word aan die joernalistiek nie. Ek is baie bly dat ons heelwat geleentheid gehad het om praktiese werk rondom die verkiesing te doen. Ek onthou nog verskeie openbare vergaderings in die Stellenbosse stadsaal – van die absurde (die Keep it Straight and Simple Party, oftewel KISS) tot die aangrypende, soos Trevor Manuel se passievolle toespraak waarin hy die gehoor herinner het aan die gedwonge verskuiwings wat onder apartheid in Stellenbosch plaasgevind het.

LA: Jy is getroud met Helena Schutte (alumnus van 1995) en het drie kinders
HW: Ja, Helena het die jaar na my die joernalistiek-honneurs gedoen. Die gedeelde herinnering aan laat nagte in Crozier-

straat se rekenaarlokaal moet een van die redes wees waarom ons dadelik geklik het. Ons is vanjaar 16 jaar getroud, en het drie kinders om wie ons lewens wentel – Lukas, in graad 2, Daniel, graad R en Sophie, graad 00.

HW vertel verder: Ek het 'n Honneurs in Afrikaanse letterkunde gedoen die jaar voordat ek die joernalistiek-honneurs in 1994 aangepak het. Ek het 'n Naspersbeurs gehad en het direk na voltooiing van die BHonsJoern by *Die Burger* gaan werk (einde 1994), as algemene verslaggewer wat alles gedek het van tjekoorhandlings tot veldbrande, en later stadsverslaggewer (nie altyd die mees opwindende beat nie, maar ons het darem gratis tee en koeokies in die persgallery gekry). Ek het saans geskryf aan my M-verhandeling in Afrikaanse letterkunde (oor die plaasroman) en dit in 1997 verwerf. Ek het intussen begin werk by die kunsredaksie, onder Wilhelm Grütter as redakteur, met kollegas Gabriel Botma, Cobus van Bosch, Nita Hazell en 'n vryskutspan. Daardie

jare was onverdunde pret – van die heel lekkerste werk waarvan 'n joernalis maar kon droom, veral aangesien die kunsblad destyds nog sterk ondersteuning geniet het in die koerantopset, met spesialist-skrywers in musiek, boeke, beeldende kuns en dies meer. Later het ek boekeredakteur geword. Maar die akademie het bly knaag aan my, en ek het ingeskryf vir 'n doktorsgraad in die letterkunde, met die fenomenale prof Louise Viljoen as promotor. Aangesien ek 'n sterk belangstelling in kortverhale het (my eerste kortverhaalbundel, *Verdwaal en ander soek-stories* gepubliseer in 1997 terwyl ek op die kunsredaksie gewerk het; die tweede een, *Aan die anderkant van die stad* het sowat vyf jaar later eers gevolg), het ek gefokus op kwessies van identiteit en postkoloniale diskors in Afrikaanse kortverhale wat ná 1994 verskyn het. Ek het beurse verwerf om as uitruilstudent vir 'n jaar (1999) in Nederland te gaan navorsing doen. Ek het 'n jaar onbetaalde verlof by *Die Burger* geneem, met Helena getrou en ons het ons tasse gepak en 'n avon-

tuurlike akademiese wittebrood in Leiden gaan deurbring. Die jaar in Nederland was 'n wonderlike ervaring, en het my 'n smaak vir zoute drop, haring, en jenewer aangeleer – en 'n lewenslange passie vir reis aangewakker. Helena is vandag nog die perfekte reisgenoot – sy weet hoe om kaarte te lees, put net soos ek groot plesier in 'n vreemde spyskaart, en ons verslind saam die buitelandse media met groot apyt.

Die jaar na ons Nederlandse verblyf is ek terug na *Die Burger* en het my doktorsgraad einde 2000 verwerf. Toe is ek so 'n bietjie soos die spreekwoordelike hond wat die bus gevang het – ek wou met alle mening in die akademie bly, en na 'n jaar of wat terug op die kunsredaksie het die geleentheid sigself voorgedoen om as Rykie van Reenen-genoot by die Departement Joernalistiek aan die US te gaan werk. Dit was die voet in die deur wat ek nodig gehad het, en ek sal Naspers en die US altyd dankbaar bly vir die geleentheid.

Kort ná my aankoms het 'n voltydse senior lektoraat vakant geword, en my aansoek daarvoor was suksesvol. Van 2002-2006 was ek verbonde aan die US se Departement Joernalistiek, waar ek saamgewerk het met Lizette Rabe, Arrie de Beer en van my oud-dosente soos George Claassen en die befaamde dr T. Ná 'n paar jaar het ek begin voel dat ek internasionale blootstelling nodig het om my kennis van die vakgebied te verdiep. In 2006 het ek 'n Fulbright-beurs verwerf om aan die Universiteit van Indiana in Bloomington se bekende Ernie Pyle-joernalistiekskool te gaan navorsing doen. Helena en Lukas, toe maar 'n paar maande oud, is saam, en ons het die wonderlikste *road trips* gedoen – alles in die naam van navorsing!

Die tydjie in die VSA het my duideliker laat besef dat ek verdere kundigheid in die buiteland moet opdoen. In 2007 het ek 'n pos aanvaar aan die Universiteit van Newcastle in Engeland, en 'n jaar of wat daarna geskuif na die Universiteit van Sheffield se Departement van Joernalistiekstudies. Die geleentheid om skouers te skuur met kollegas soos Tony Harcup, Martin Conboy, Ralph Negrine en ander was 'n groot voorreg, en om op 'n trein te kan spring en twee ure later in Londen by 'n konferensie na wêreldeisers in die vakgebied te kan gaan luister, was van onskatbare waarde. Ons tweede seun Daniel en ons dogter Sophie



Die jaar in
Nederland was
'n wonderlike
ervaring, en
het my 'n
smaak vir zoute
drop, haring
en jenewer
aangeleer - en
'n lewenslange
passie vir reis
aangewakker.

is gebore gedurende ons verblyf in Engeland (Daniel is steeds 'n geswore Newcastle United-ondersteuner). Maar ons het die huis erg gemis – om nie van sonskyn te praat nie...

In Augustus 2010 het ek 'n professoraat aanvaar by Rhodes-Universiteit en ons het teruggekom Suid-Afrika toe. Die vier jaar dat ek daar gewerk het – ek was as onderhoof van die Skool vir Joernalistiek- en Mediastudies oorhoofs verantwoordelik vir al die skool se projekte, wat ingesluit het die Highway Africa konferensie, die Sol Plaatje Instituut vir Media-leierskap, die MTN-leerstoel in mobiele media, die Sentrum vir Ekonomiese Joernalistiek in Afrika en die Discovery-sentrum vir gesondheidsjoernalistiek – was uitdagend, leeraam en baie bevredigend. Die Oos-Kaap (ek is 'n gebore Baaienaar) is 'n besondere plek en ons het baie lekker daar gebly. Aan die einde van 2013 het Helena en ek egter altwee die geleentheid gekry om terug te verhuis Kaapstad toe om nuwe uitdagings aan te pak. Helena as kommu-

nikasie-spesialis by Coronation-fonds-bestuur, en ek as professor in mediastudies by die Universiteit van Kaapstad, waar ek begin 2015 oorneem as Direkteur van die Sentrum vir Film- en Mediastudies. Ek sien uit na die nuwe fase – dis 'n diverse departement met 'n verskeidenheid akademiese programme en 'n dinamiese groep kollegas met interessante navorsingsareas.

Ek sal steeds my eie navorsingsprogram voortsit. Ek het 'n sterk belangstelling in media-etiiek. Ek het destyds by Stellenbosch die eerste globale media-etiiek rondetafel van stapel gestuur (die referate is uitgegee in boekvorm as *Media Ethics Beyond Borders*), en intussen het ons al rondetafels aangebied in Dubai (oor Islam-etiiek en die media), in Delhi (oor sosiale geregtigheid, ongelykheid en die media) en vroeër vanjaar in Beijing (met 'n fokus op professionele waardestelsels). 'n Boek gebaseer op die Delhi-rondetafel, geredigeer deur my en Shakuntala Rao van die State University of New York, verskyn volgende jaar.

Ek stel ook belang in debatte oor die media se rol in nuwe demokrasieë. Ek is tans deel van 'n internasionale navorsingsprojek, befonds deur die Europese Unie, wat die verhouding tussen media, konflik en demokratisering ondersoek in 'n aantal lande. Aansluitend hierby is 'n nuwe belangstellingveld vir my die groeiende teenwoordigheid van Chinese media in Afrika en die verskuiwende geopolitiese verhoudinge, en hoe dit kontrasterende sienings oor persvryheid op die spits dryf. Ek is tans betrokke by twee internasionale projekte oor onderskeidelik media-stelsels in die BRICS-lande en Chinese 'sagte mag' in Afrika, en was vroeër vanjaar 'n gasdosent aan Tsinghua-universiteit in Beijing waar ek 'n kursus oor media in Afrika aangebied het.

Tussendeur bly die joernalistieke impuls altyd maar teenwoordig, en ek lewer steeds van tyd tot tyd bydraes vir koerante, aalwyn-publikasies en blogs soos *Africa is a Country*.

Ek is baie dankbaar vir die geleenthede wat my gegun is die afgelope twintig jaar sedert ek by Crozierstraat uitgestap het. Die joernalistiek en die akademiese lewe is nie baie ver verwyderd van mekaar nie: altwee veronderstel 'n kritiese ingesteldheid, 'n honger vir nuwe idees, 'n lae verveeldheidsdrumpel, en 'n diepgesetelde wantroue in maklike antwoorde. Dit bly 'n helse trip. Hoekom sal 'n mens enigets anders wil doen?

FINDING MYSELF ON *The Way*

BY EMMA DE VILLIERS



Emma's journey to Santiago De Compostela

Signs showing us the way on our journey through life are everywhere. Knowing what to look for is one thing, but finding these crucial pointers is no simple task.

For the past two weeks I have been (quite literally) relying on signs to find my way. I'm walking one of the many pilgrimage routes leading to Santiago De Compostela in Spain. Rumour has it that Jesus' disciple James was buried in Santiago. His remains were only discovered, however, eight centuries later when the hermit Pelayo was led to the grave by a shining star. The stuff of myth and legend...

If you happen to be on "The Way" to Santiago, you are on a journey more commonly known as "El Camino" (literally translated The Way). Having spent the last five years living in landlocked cities I opted for the northern coastal route to

Santiago. My journey started in Irún on the French border with Spain.

The Way to Santiago is indicated by roughly painted yellow arrows found on pavements, barks of trees, stones, dustbins and sometimes nowhere. The markings are based on history's collective memory... but also on necessary deviations due to modernisation.

At least once a day I have to trust my intuition for direction as it's sometimes impossible to find the next yellow arrow. I will head in the direction that "feels right" if there's no yellow arrow in sight! Needless to say my intuition needs some fine tuning...my legs have suffered the consequences of extra circular kilometres wandered by a lost pilgrim more than once!

I'm not walking to Santiago for "religious reasons". Besides, it takes a special kind of person to believe only half of the myths and legends surrounding the pilgrimage. However, thanks to centuries of pilgrims making the journey, many

beautiful routes have been established leading to James' supposed final resting place - that's what sparked my interest...I have never enjoyed walking - I'd much rather run and get there sooner - but I also happen to be in love with traveling. Combining something I dread with a lifelong passion seemed an interesting enough challenge.

My typical day as a non-typical pilgrim starts at 6:00 am. I aim to walk at least 15 km before stopping for breakfast. After breakfast, another 15-25 km follows. It's exhausting, exhilarating and even dreadful at times. The Way curves through forests, over mountains, into valleys, along beaches but also through villages, towns and cities.

Sometimes hours go by during which I don't encounter a single living soul. As I stop to catch my breath I can hear my heart beating, the gentle breeze rustling the pines. And in that moment life is filled with more joy and beauty than I can bear.

Every morning brings promise and potential. Nothing compares to the feeling of leaving a city on foot just before sunrise. With the world still sound asleep your thoughts tempt you awake while you wander. Seeing the moon rise just as you crest your first hill of the day brings tears to the eyes, and so much joy to the soul.

One of my most memorable experiences thus far was spending a night at a monastery in Zenarruzza. Myself and eight fellow pilgrims were hosted by monks who provided us with the most delicious soup and bread for dinner. We attended mass in a small cathedral set on a hill.

As a pilgrim you sleep mostly in albergues - very basic facilities with a shower and a bed in a room you share with anything between 20 and 40 people. I've met incredible fellow pilgrims from all over the world, but no other South Africans so far. We have dinner together, share stories, admire each other's blisters and then we fall into a deep sleep.

A migratory mass of blisters, sore muscles and sunburnt faces we are on our way to Santiago. I plan to continue walking to Finisterre afterwards - a further 100 km to the so-called "end of the world". I've made many friends on the way, and hope that our steps will bring us together once more before we reach Santiago on our separate journeys.

I have roughly 600 km to go. In a few days I will head away from the coast, following the ancient Primitivo route to Santiago. Mountains, forests and wilderness trails await. And yellow arrows of course - the ever present signs leading me to my final destination.

There are signs everywhere. We just need to learn to stop looking for them. Only then will we start seeing them.



PHOTOS: Supplied by Emma de Villiers

The monks' singing and chanting droned over hills and valleys - echoing against the empty shell of a beautiful church building that once hosted dozens of the faithful daily.



OXFORD

Op. *reis* na die *bekende*

DEUR RONÉ MCFARLANE

it maak nie saak hoe lank 'n mens jouself tussen die torings van Oxford bevind nie, dit bly voel asof jy op die stel van Pride and Prejudice of Downton Abbey verdwaal het: die geboue wat meer soos 'n versameling kastele as 'n universiteit lyk, die lemmetjie-groen grasperke, die ou bome wat hul herfsklere begin aantrek, die mis wat vroegoggend geheimsinnig oor die riviere hang, die huisbote en kliphusies langs die Teems... William Yeats het oor Oxford gesê: "I wonder anybody does anything at Oxford but dream and remember, the place is so beautiful. One almost expects the people to sing instead of speaking. It is all like an opera."

Maar al wat nodig is, is een dag van klas om 'n mens te herriner dat dit wel 'n universiteit en nie 'n opera is nie. Hier skryf



Ons maak gereed vir Matrikulasie. Die klere wat ons aan het word "subfusc" genoem (hier by Oxford hou hulle daarvan om vreemde name vir alles te gee). Matrikulasie is 'n kort seremonie waartydens nuwe studente amptelike lede van die universiteit word.



...dit bly voel asof jy op die stel van Pride and Prejudice of Downton Abbey verdwaal het: die geboue wat meer soos 'n versameling kastele as 'n universiteit lyk...



Vir Matrikulasie trek almal op na die Sheldonian-gebou. Tydens die seremonie lees die visekanselier 'n paar mooi sinne in latyn, gee 'n kort toespraak en dan is ons amptelik lede van die universiteit. Heerlik middeleeus en absurd, maar tog besonders.

die proffies bōéke, nie artikels voor nie en die meeste van hulle het al iewers vir 'n regering of president raad gegee – nie die tipe mense vir wie jy gaan uitstel vra omdat jy "koshuisverpligtinge" gehad het nie.

Maar jy leer gou die kortpaaie ken, want wie kan heeldag voor die boeke sit as daar elke dag seminare oor enige onderwerp van navorsing onder vlugtelinge tot CS Lewis se natatenskap is, sprekers soos Stephen Fry en Muhammad Yunus op kampus kom draai en jy aan vreemde sportsoorte soos roei of *quidditch* kan deelneem? En natuurlik moet daar nog tyd gemaak word vir 'n bier in die kroeg – 'n aktiwiteit waaraan die proffies ook graag deelneem.

Dit is idillies, maar op 'n manier was Yeats tog reg. Om hier te studeer, in geboue waar CS Lewis, JR Tolkien en TS Elliot nog rondloop, waar Sir Christopher Wren nog ontwerp, is 'n droom – 'n fantastiese ervaring, maar ook nie ten volle werklikheid nie.

Ek vermoed dit is wat veroorsaak het dat 'n Suid-Afrikaanse patriotisme wat skrik vir nik, my beetgepak het vandat ek hier aangeland het. Ek was lanklaas so lief vir Suid-Afrika en so opgewonde oor die uitdagings waarmee ons kan worstel. Ek was ook lanklaas so trots om 'n huistaal te hê wat nie Engels is nie en is daarop uit om die Ingelse te oortuig dat hulle eenvoudig "braai", "lekker" en "deurmekaar" in hulle woordeskat moet insluit. Daar is regtig nie goeie Engelse vertalings nie.

T.S. Elliot beskryf die ervaring so raak: "We shall not cease from exploration and the end of all our exploring will be to arrive where we started but know the place for the first time."

‘

Om hier te
studeer... is
'n droom - 'n
fantastiese
ervaring, maar
ook nie ten volle
werklikheid nie.



Vroegoggend roeisessie op die Teems - die mooiste tyd van die dag!




DIE BAANBREKERS: *Sportleiers slyp kampioene só*

Wat die volgende hoofstuk van sy lewe sou wees, was hy nie heeltemal van seker nie. Maar **Marco Botha** (BPhil 2008) was wel seker dat sy boek oor van Suid-Afrika se voorste sportafrigters en administrateurs sy laaste hoofstuk as sportskrywer vir *Rapport*, *Beeld*, *Die Burger* en *Rapport* sou wees. Hopelik 'n betekenisvolle een.

'Die Baanbrekers – Hoe Suid-Afrikaanse Sportleiers Kampioene Slyp' is 'n semi-biografiese vertelling van die stories van Heyneke Meyer, Ian Schwartz, Brendan Venter, Paul Treu, Gary Kirsten (met 'n treksel Michael Jordaan van FNB-faam), Paddy Upton en ook Sherylle Calder (of "The Eye Lady"), soos koningin Elizabeth II haar genoem het nadat dié Bloemfonteinse sportwetenskaplike die Engelse rugbyspan in 2003 tot Wêreldbeker-glorie help aanspoor het). Ingeborg Pelser van Jonathan Ball-uitgewers het die kans op

my gewaag en *Die Baanbrekers* in Mei vanjaar ook in Engels as *COACH* uitgegee.

Vanwaar Gehasie? Ná drie jaar as sportskrywer in die Kaap en twee ongelooflike jare in Pretoria was dit tyd vir iets nuuts in my beroeps- en persoonlike lewe. As 'n koebaai het ek 'n boek geskryf waarmee ek die aanslag van die meeste plaaslike sportboeke onder die jet (á la Tolla) wou skop. Daai wat vertel van die ou wat op toer sy broek in 'n familierestaurant afgetrek het, amper uit die span weggelaat is, maar darem Saterdag met



Self het ek
'n ongemaklik-
heid met
helde-verering,
want deur jou
aan ander
mense en hul
suksesse te ver-
wonder, rig jy
maklik onwe-
tend 'n soort
muur of plafon
op tussen jou
helde se welslæ
en dit waartoe
jy dink jy
instaat is.

'n driekuns agter die pale vir sy sondes vergoed het. Die boeke wat ons niks leer nie, wat geen perspektief bied op die werklike aard van motivering, sukses én mislukkings nie. *Looks at the scoreboard* is 'n baie lui manier om sport te probeer verstaan. Ek dink baie Suid-Afrikaanse sportskrywers steek lelik af teen ons Britse en Amerikaanse pengenote, wat die teater van sport in diepte verstaan en oor die vermoë (of gewilligheid?) beskik om dit in 'n wyer konteks te beskryf en te beleef as bloot "binne die vier kalklyne".

Daarom het ek my liefde vir sport (veral rugby) met my selfs groter belangstelling in leierskap gekombineer om 'n nuttig, sinvol en hopelik stigtende bydrae tot ons verstaan van sport te maak. Abraham Lincoln het gesê hy sal sy byl vir vier uur slyp as hy ses gegun word om 'n boom af te kap. Dit was ook my vertrekpunt vir die temas in *Die Baanbrekers*.

Ek begin met 'n bespreking oor die vestiging van die strukture of pilare waarop suksesvolle organisasies rus (slyp jou byl eerste). Eers daarna begin ek bome kap met 'n fokus op kultuur, definisies van sukses, sielkunde, wetenskap en ook wat Kirsten en Upton die "new school of coaching" noem en Jordaan die "invloed-paradoks". Dit verteenwoordig die afwesigheid van 'n rigiede hiërargie ter wille van 'n omgewing waar 'n afrigter sy invloed "weggee" deur mense te lei om vir hulself te dink en besluite te neem; 'n omgewing "waar jou invloed meer word deur weg te gee" deur mense te bemagtig ("self-mastery"). Dis 'n voorbeeld van die temas.

Dit is 'n interessante belewenis om oor 'n jaar en 'n half se skryf, tyd deur te bring in die teenwoordigheid van die mense in die boek. Self het ek 'n ongemaklikheid met helde-verering, want deur jou aan ander mense en hul suksesse te verwonder, rig jy maklik onwetend 'n soort muur of plafon op tussen jou helde se welslæ en dit waartoe jy dink jy instaat is. Om besonderse mense eerder as jou mentor of rolmodel te bekou, saai jy op vrugbare grond en gun jy jouself die kans om hulle ook as bloot mens te leer ken. En dit is wanneer leer plaasvind en hoop ek dit wat lesers uit *Die Baanbrekers* sal kry – 'n geloofwaardige blik op hoe doodgewone mense hulself in hul beroep (roeping?) as van die bestes ter wêreld onderskei het. Daaruit kan 'n mens iets leer én lewer ek as skrywer dan ook 'n betekenisvolle bydrae tot en via ons nering as joernaliste.

Hierdie voorreg om in 'n bedryf te wees waarin ons daaglik 'n daadwerklike impak op die welstand van 'n samelewing en die lewe van individue kan hê, is die ding wat my vir nuusmedia so lief maak. My volgende hoofstuk (vind ek toe mettertyd uit) bied in daardie opsig selfs groter uitdagings en moontlikhede as waar ek vandaan kom. Sedert Augustus is ek *Landbou*-redakteur van *Die Burger*, 'n pos wat ek aanvul met die pligte as *Eiendomme*-redakteur sedert Januarie. Maar dis eersgenoemde wat my saans om al die regte redes laat wakker lê en waarom ek van Pretoria af teruggetrek het Kaap toe. Landbou is 'n komplekse sektor met eiersoortige uitdagings in veral die ontwikkeling van mensekapitaal.

Wat my en *Die Burger* se bydrae tot die vooruitgang van landbou en sy mense gaan wees, weet ek nog nie heeltemal nie. Maar dat daar 'n paar betekenisvolle hoofstukke op ons wag, is gewis so.



England and her capital city in particular were to throw some interesting challenges my way.

ATTACHMENTS FORMED by Pippa

People become attached to other people and pets, to places and possessions, jobs and lucky charms. I have become attached to travel and, in turn, living abroad. It has proven, time and again, a pretty difficult “attachment” to shake.

It was with a mixture of emotions and rather empty pockets that I arrived at London Heathrow in April 2009, having just voted in the national elections for the first time. Fresh from the best year of “living” at the Crozier Street journalism department with occasional breaks for Maties tennis practices, I was there to see what all the fuss was about.

It was to be a gap year. England and her capital city in particular were to throw some interesting challenges my way. On my working holiday visa, I was able to find work at a probation centre for sex offenders, an “envelope-folding” office and a swine flu call centre; jobs which taught me invaluable life lessons but left

me somewhat disillusioned. In the midst of said drudge, I applied to work as part of The Wimbledon Shop team for the Championships.

With a little coincidental networking and a lot of luck, I got the job. It was two months of top class tennis, perfectly-trimmed hedges, magnificent weather, electric atmosphere and childhood dreams come true.

Since those early Wimbledon days, I have enjoyed many a “gap” year; from singing in musicals to teaching in a rural village in the mountains of South Korea, from attending Buddhist wedding ceremonies in southern Thailand and playing tennis on courts amongst rice paddies, from backpacking around south-east Asia to living in the most densely populated area on earth in Hong Kong. And a little writing in between.

There have been horrendous moments and life-changing experiences. In hindsight, a blur of “great”. I’ll be home soon. But for now, I remain very much attached.

Johnn bekroonde uitlegkunstenaar

Johnn Munro (klas van 2003) is van April 2014 aangestel as ontwerphoof van *Die Burger*.

Hy is elke dag ek verantwoordelik vir die hoofkoerant enveral die voorblad. Volgens hom is *By en Naweek* se voorblaaise baie lekker om op te werk, want met dit kan jy regtig uit die boks dink en iets anders probeer. Met groot nuusgebeure, soos die Oscar-verhoor, sal hy ook erg konsep-gedrewe werk vir die voorblad van die hoofkoerant omdat jy moet probeer om iets nuuts te doen vir die volgende dag.

Van 2005 is hy in die Nagkantoor van *Die Burger*. Van 2008 as Hoofsub van *Die Burger* en nou in sy huidige pos.

’n Groot hoogtepunt was toe hy die Standardbank Sikuvile-prys in 2013 en 2014 gewen vir uitleg en ontwerp.



Passion for tech and media

After graduation Elizma Nolte (class of 1999) headed to London where she worked as foreign correspondent for the *Independent News and Media* while completing her Masters in Electronic Publishing at City University London. During this time she founded ZA Publishing Ltd, publisher of the weekly *SA Times* newspaper and quarterly *South Africa Magazine*. She was then invited to be part of the founding team of a start-up channel on SKY TV, Southern Africa Direct, before moving to Paris to earn her MBA at INSEAD. Following a stint consulting to mobile brands such as Vodafone and TalkTalk, she joined Google as Country Marketing Manager for South Africa, where she continues to marry her passions of tech and media, while leading programs to grow digital skills in Africa. Follow her on Google.com/+elizmanolte



Ingrid Jonkerprys vir digdebuut

Karin Schimke (klas van 1991) is vanaanjaar aangewys as die wenner van die Ingrid Jonkerprys vir Engelse poësie met haar digdebuut, *Bare & breaking*.

Die prys word jaarliks om die beurt aan ’n Afrikaanse en Engelse debuutdigbundel toegeken.

Schimke is geprys vir die “die elegansie en presisie van [haar] woordkuns” in ’n digbundel wat gekenmerk word deur “sensualiteit” en inhoud wat as “onbeskaamd eroties en intiem” beskryf is.

Hulle het *Bare & breaking* bestempel as ’n bundel wat “kop en skouers uitslaan” bo die ander aanspraakmakers wat betrek onder meer “vakkanskap, tempo en diepte.”



Lecturer in Social and Political Change

Chrissie Steenkamp (class of 1999) is a senior lecturer in Social and Political Change. She teaches and researches in the areas of Politics and International Relations, with a specific interest in Peace and Conflict Studies. She has taught at universities in South Africa, Northern Ireland and England. She holds degrees from the University of Stellenbosch; an MA (Comparative Ethnic Conflict) from Queen's University, Belfast, and a PhD in Politics from the University of York.

Chrissie conducts research in the field of Peace and Conflict Studies, with an emphasis on intrastate violent conflict and its resolution. She is particularly interested in the study of violence and crime in the context of peacemaking and post-war reconstruction.

She has carried out extensive fieldwork in Northern Ireland and South Africa on issues such as post-conflict violence and violent xenophobia.



Drie alumni van 2001 by Krit "Ons het Krit, ook maar net-net, oorleef. Dit was soos gewoonlik stres en plesier - maar beslis makliker om saam met oud-kollegas die produk te kon aanmeakaarslaan. Liesl is steeds die kalmste van self en Le Roux so brilant soos altyd," het Marenet Jordaan gesê. 'n Foto van die drie na die laaste uitgawe gesak het. Die drie alumni is van links: Marenet Jordaan, Le Roux Schoeman en Liesl Pretorius.

Jannie Ferreira

Jan Andries "Jannie" Ferreira
Jannie Ferreira (klas van 1982)
is op 17 Julie 2014 na 'n
hartaanval oorlede.



Ai, ou Janneman. Wat 'n leemte laat hy nie. Stil en rustig van buite, maar met 'n warm en prikkelende humorsin wat my groot plesier verskaf het tydens ons studiejare en later ook by *Die Burger*.

Vir diegene wat hom nie geken het nie sou Jannie skaam en miskien inkennig voorgekom het. Maar vir sy vriende en kennisse het hy daardie gewaardeerde gawe gehad om werklik bly te wees om jou sien.

As my voormalige klasmaat, was ek trots op Jannie toe hy as *Die Burger* se buitelandse redakteur sulke goed beredeerde, helder en bondige artikels oor die groot wêreld daarbuite begin skryf het. En vir diegene wat dit nie sal glo nie, Jannie kon met daardie stiewe lyf 10 km in onder 45 minute kafdraai – ek onthou hom, natgesweat aan die hol in die Seepuntste son, bril wat flits en 'n genotvolle uitdrukking van lewenslus op sy gesig.
Emile Joubert (Klas van 1982)

Adri-Louise van Renen-Fourie

8 Desember 1964 - 15 Junie 2014

Adri-Louise van Renen-Fourie (klas van 1987) was 25 jaar lank, haar hele beroepsloopbaan, gemoeid met Christelike publikasies – eers as joernalis en later as redakteur. As joernalis kon sy die hart van 'n storie voel klop, en dit só aan haar lesers oordra. Dit was as redakteur dat sy haar diepste spore in die professionele- en kerklike lewe getrap het.

Na 'n hele aantal jare waarin sy *Kerkbode* se leisels help vashou het, het sy uiteindelik die erkenning daarvoor gekry en is sy in 2011 aangewys as dié blad se redakteur – die eerste vrou en slegs die tweede nie-predikant wat dit kon vermag.

Toé die uitvoerende raad van die Andrew Murray-prysfonds heel onlangs aan haar 'n spesiale toekenning gemaak het, is daar gesê dat sy 'n menslike gesig aan *Kerkbode* gegee het.

Oor 'n heelwat langer tydperk was sy die hartklop van haar geliefde *LiG*. Reeds in 1992 word sy assistent-redakteur van die destydse *Die Voorligter*. Rondom die eeuwisseling is *Die Voorligter* se voorkoms drasties aangepas en het die kerklike tydskrif ook 'n naamsverander-



ing ondergaan en *LiG* geword. Die uitgesproke klem was nou op gesinsake.

Dit was Adri-Louise se ideaal om die nuutgeposisioneerde tydskrif – toe nog net by NG-gemeentes en aan individuele intekenaars beskikbaar – op winkelrakke landwyd te kry. In Oktober 2004 is dié ideaal verwesenlik. En presies 'n jaar later het sy die erkenning hiervoor ontvang deur as *LiG* se redakteur aangewys te word.


Sy sou ook die dryfkrag agter 'n tweede groot herposisionering wees en in April verlede jaar kon sy die vrug hiervan beleef – met onder meer 'n nuwe mashoof: *LiG*. Vandag is haar tydskrif 'n markleier, en in die huidige onseker wêreld van die gedrukte media gee *LiG* in baie opsigte die toon aan.

In Augustus 2013 het Adri-Louise 'n vervroegde uittrede aanvaar. Sy en haar man, Danny Fourie, het daarna enkele reise onderneem en heelwat meer beplan, toe haar gesondheidstoestand onverwags skerp verswak het. Sy is op Sondag 15 Junie oorlede. Sy laat haar eggenoot, haar pa en drie susters agter.

Bron: Internet



Die **Klas van 2004** het op Saterdag, 15 November 2014, reünie by die departement gehou. Hulle was wel beïndruk met die nuwe uitbreidings, maar Protea – “die statige Edwardiaanse gebou” – word met nostalgie en deernis onthou. So saam met die toets teen Engeland op Twickenham, is gekuier en gesels. Later is oorbeweeg na Bohemia, kuierplek in 2004. Pieter en Charlene is een van die Crozier-straat-huwelike. Agter is Jana Marais, Alistine October, Karen Breytenbach, Florence de Vries, Leona Amoala en Molebogang Taunyane, en voor Jill Marshall, Pieter Vermaak, Dawid de Wet en Charlene Rolls.



Sphiwe Mboyane (class of 1999) passed away on 19 August 2014 at the age of 37. He was editor of *The Weekly*, the largest and most read newspaper in the Free State. We at Crozier Street remember him with his disarming and boyish smile.



Alumnus topwynmaker by Lanzerac

Lanzerac, een van die oudste wynplase in Suid-Afrika, vier vanjaar hul 100ste bestaansjaar. (Die plaas is natuurlik veel ouer). Die wynmaker is Wynand Lategan, alumnus van 1995.

Herman is gebore en getoe in Stellenbosch. Na sy diensplig het hy BComm aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy was 'n kranige atleet en met die oog op die Olimpiese Spele het hy besluit om die Honneurs in Joernalistiek te doen.

Hy het vir vier jaar as finansiële verslaggewer by Die Burger gewerk, maar die frustrasie om elke dag voor 'n rekenaar te sit het hom laat besluit om by Elsenburg vir 'n kursus in te skryf. Hy het sy studies in 2002 voltooi en by die pas-voltooide Lourensford Kelders aangesluit. Nadat hy oesfeeste in Frankryk bygewoon het, het hy in 2005 deel van Lanzerac geword.
<http://websites.wine.co.za/Contact.aspx?CONTACTID=4895&CLIENTID=1129>

Inge herinner aan Edward Murrow

Ek was voorbereid op baie dinge toe ek sowat 'n jaar en 'n half gelede by die finansiële nuuswebblad *Moneyweb* begin werk het.

Dat die skuif uit die koerantwese na 'n aanlyn-omgewing sou beteken dat artikels vroeër in die dag klaar moes wees. Dat ek Afrikaans sou moes verruil vir Engels. Dat beleggingsnuus dikwels meer ingewikkeld is as algemene ekonomiese en sakenuus.

Maar nie vir 'n oomblik het ek gedink dat ek skielik regstreeks met duisende luisteraars oor die radio sou gesels nie.

Hoewel ek steeds die grootste deel van my dag aan skryfwerk bestee, het die daaglikse sakenuusinsetsel en sporadiese sakenuusverslae wat ek namens *Moneyweb* vir RSG saamstel, my 'n hele paar nuwe vaardighede geleer.

Onder meer om nie die luisteraars lesers te noem nie ('n gewoonte wat 'n mens moeilik afleer na jare by 'n koerant)! En om skielik op te let na uitspraak – na 'n paar kwaii e-posse!

Anlynnuus in Suid-Afrika is in vele opsigte nog in sy kinderskoene, maar dit is beslis 'n opwindende en leersame omgewing om in te werk. By *Moneyweb* bied dit ook die geleentheid om die sinergieë tussen die radio en aanlyn mediums te ontsluit.

(Edward R Murrow het die *Good Night and Good Luck* as roetine gebruik om sy uitsendings af te sluit – hy was daarop uit om senator Joseph McCarthy tot 'n val te bring. Luister gerus na Inge se *Goeie naand Andries en goeie naand aan al die luisteraars* elke weeksaand om 18:30 op *Geldsake*.) LA

